# KRUISGENOOT

21 September 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

22 September - James Pienaar
22 September - Dolf Smith
23 September - Santie De Wet (85)
23 September - Schalk Viljoen
24 September - Pieter van Wyk
26 September - Magda Heydenreich
26 September - Marie Nel

# bid



**Turkye**: Met Christene wat slegs 0,2% van die bevolking uitmaak, is die Bybelgenootskap 'n bastion van God se Woord in 'n hoofsaaklik Moslemland. Bid vir moed, groeiende geloof en groter impak in ons Bybelverspreidingswerk.
**Malta**: Bid dat Malta se Christelike erfenis sterk sal staan. Bid vir geestelike vernuwing en dat ons uitreikwerk na die jonger geslagte suksesvol sal wees. Bid vir eenheid onder gelowiges, wysheid vir leiers en geleenthede waar die Bybel 'n impak op lewens kan hê.
**Ciprus**: Bid dat ons mense geestelik sal groei, vir samewerking en vir hegte vennootskappe tussen kerke en bedienings. Bid vir harte wat ontvanklik is vir die Bybel, asook vir vrede en versoening op die eiland.

# Tiende maand Dankoffer

As jy al ooit gewonder het hoekom jy as gelowige ‘n dankoffer moet gee, kan ek nie beter doen as om jou na Deuteronomium 8 te verwys nie. Daar lees ek: “Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my al hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf” (Deut. 8:17-18). Die versoeking is altyd groot om te dink dat dit deur jou eie harde werk is wat jy jou suurverdiende geldjies bymekaargemaak het. Die waarheid is egter dat as God jou nie geseën het met krag en gesondheid – en geleenthede! – nie, sou jy niks daarvan kon doen nie. Op die ou end kom dit alles van Hom af.

Die volgende logiese vraag is dan seker: hoeveel? In die Ou Testament is dit eenvoudig: God het een tiende gevra van alles wat jy inkry. In die Nuwe Testament word daardie eis nie uitdruklik herhaal nie, maar hoor ons eerder by Paulus ‘n nuwe aksent: “As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie” (2 Kor 8:12). Nou gaan dit nie meer oor wetlike voorskrifte nie, maar om ‘n saak wat jy saam met God moet gaan uitmaak. Moenie te gou daardie geldjie in die koevertjie sit nie – ten minste nie voordat jy dit met God uitgeklaar het nie! Jy bely dan na alles dat alles syne is…

Jesus self was baie uitgesproke daaroor dat ons nie moet toelaat dat materiële goed ons lewens regeer nie. Hy het reguit gesê: “Moenie vir julle skate op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar…. Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees” (Mat 6:19-21) – of soos Die Boodskap dit so mooi stel: “Hou op om van die oggend tot die aand agter geld aan te hardloop. Niks hou hier vir altyd nie. Diewe breek oral in en steel, motte en goggas vreet alles op en ouderdom laat dinge vergaan. Maak eerder vir julle ‘n bankrekening daar by God in die hemel oop. Geen dief kan ooit daar inbreek om iets te probeer steel nie. Die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou ‘rekening’ oopgemaak het.”

Van die begin af, het God gesê dat sy mense nie met leë hande by godsdienstige feeste moet opdaag nie. Hulle moes nie net ingestel wees op wat hulle kan ontvang nie! Daarom sê Deuteronomium 16: “Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie. Elkeen moet ‘n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het” (Deut 16:16,17). Natuurlik was Jesus se offer genoeg om die eise van die wet te vervul, en daarom bring ons vandag net ‘n OFFER VAN DANK AAN DIE HERE!

As jy dan Sondagoggend vir die Here ‘n spesiale offer bring, onthou dan wat Paulus skryf in Filippense 4: “Julle gawe is voor God ‘n offer met ‘n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus” (Fil 4:18,19). Dis na alles waar wat Maarten Luther gesê het: “Op die geloofspad ondergaan ‘n Christen 3 bekerings: eers die verstand, dan die hart (lewe) en uiteindelik die beursie – die derde bekering is ‘n teken van ware bekering!”


G-om Projek/WeeCare Project
Fondsinsameling
Rolbaltoernooi
Kom rol saam met ons!
25-10-'25 | 09:00
Rustenburg Rolbalklub
Slegs R800 per span
4 spelers per span
3 rondtes van 10 koppe elk
Oud en jonk kan inskryf
Pryse vir:
Beste spangees
"Best dressed" span
1ste, 2de en 3de plek pryse
En baie meer!
Koswaentjies en koeldrankstalletjies
Wees deel van hope pret, vriende, spanbou, kompetisie en pryse!
Balle en "green fees" ingesluit
Springkasteel en lekkergoedpakkies vir kinders
Bankdetails: G-Om Projek | Nedbank (108-410) | 1084010364
NPO: 050 549 | PBO: 930032788 (Article 18A Organisation)
Kontakpersone:
Marieta: 063 705 0304
Christel: 082 785 2439


CHARITAS SOCIAL CARE
RED 'N KIND
ROLBAL TOERNOOI
Fondsinsameling
08 NOVEMBER 2025
09:00
Water Springkasteel
KOM WEES DEEL VAN 'N DAG VOL PRET VIR OUD EN JONK MET LEKKER PRYSE OP DIE SPEL.
BETALINGS BESONDERHEDE:
CHARITAS SOCIAL CARE
ABSA BANK, BANK REKENINGNOMMER: 1220 230 267
TJEKREKENING, TAK KODE: 632005
IMPALA ROLBAL CLUB
Kontak Jaco De Wet by: +27 82 920 8201 vir navrae
R800 PER SPAN
KOS STALLETJIES SAL BESKIKBAAR WEES
LEKKER PRYSE OP DIE SPEL
DRA JOU FUNKY SOCKS - PRYSE
VIR DIE BESTE SPAN GEES EN MEER


TOGETHER
WE GROW


TYDENS EREDIENS
kinderkerk


GENESIS
Bybelstudie
Woensdag 09:00


Koffie en Tee
In die saal na die diens


Word deel van die gebedsspan!
Kontak Maggie – 082 652 9260
'N KERK WAT BID
Jakobus 5:13-20